

NAMPO – 2015

Nampo is jaarliks een van die hoogtepunte op die landbou kalender. Al die landboumaatskappye regoor Suid-Afrika is betrokke hierby en vanjaar was dit weer gehou vanaf Dinsdag 12 Mei tot Vrydag 15 Mei.

NAMPO word gesien as een van die grootste buitelug skoue van sy soort in die wêreld en MSD Animal Health was weereens betrokke. Bykans 70,000 besoekers het Nampo hierdie jaar besoek.

Die MSD uitstalling was van hoogstaande gehalte waar ons wye reeks van produkte ten toon gestel is.

Boere het van die geleentheid gebruik gemaak om enige vraag of bekommernis rakende dieregesondheid te bespreek. Die goed opgeleide verkoops persone van die Sentraalspan het hulle weereens uitstekend van hulle taak gekwyt en hulp verleen op 'n baie professionele wyse.

Baie dankie aan almal wat ons stalletjie besoek het asook elkeen wat gehelp het om NAMPO 'n groot sukses te maak.





Hier is 'n paar van die MSD manne wat die jaar die stalletjie beman en besoek het (van links na regs):

Nardus Marais (Verkoopspersoon), Hennie Brink (Verkoopspersoon), Dr Alan Kloeck (Algemene bestuurder), Wessel Prinsloo (Streeksbestuurder), Dirk Stear (Verkoopspersoon), Jaco Fourie (Bemarkingsbestuurder).